# GEDRAGSKODE

# HOËRSKOOL

# RICHARDSBAAI

MISSIE:

"Hoërskool Richardsbaai streef daarna om elke leerder
se potensiaal te ontwikkel en sodoende
voor te berei vir die lewe."

VISIE:
Waar ons daarna streef om dié toonaangewende skool in KZN te wees!

**VOLGENS S.A. SKOLEWET VAN 1996 ARTIKEL 8 IS HIERDIE GEDRAGSKODE VIR LEERDERS DEUR DIE BEHEERLIGGAAM AANVAAR.**

Om ten volle voordeel te kan trek uit hierdie missie is leerders dus geregtig op:
1. die handhawing en uitbouing van waardegedrewe waardes en norme
2. die verkryging van onderrig in die medium Afrikaans of Engels op 'n hoë akademiese standaard
3. die erkenning van individualiteit, die skep van 'n positiewe selfbeeld en die ontwikkeling as 'n holistiese persoon in 'n diversiteit van kulture
4. 'n geborge en gedissiplineerde omgewing wat bevorderlik is vir die leerproses

Die leerder is dus verantwoordelik om:
1. te leef volgens waardegedrewe beginsels
2. sy/haar akademie pligsgetrou te benader
3. respek te verdien deur sy/haar optrede en sy/haar Godgegewe talente te ontwikkel
4. Hoërskool Richardsbaai se naam op alle terreine waar hy/sy beweeg uit te bou en
5. Personeel te respekteer

**Enige afwyking van die reëls van die Gedragskode ten opsigte van religieuse of kulturele oorweging, moet skriftelik by die Beheerliggaam voor aansoek gedoen word met die nodige dokumentasie as bewys.**

## 1. SKOOLDRAG

Die dra van skooluniform is verpligtend. Alle skoolklere en sportdrag is beskikbaar by die skool se skoolklerewinkel op die skoolperseel. Kontakpersoon: Me. Eleanor van Schalkwyk (072 439 7820). Slordige voorkoms van die leerders het 'n direkte impak op die dissipline van die skool. Daar sal gereeld inspeksie gehou word en leerders wat nie voldoen aan die voorskrifte volgens die skoolreëls nie, kan op geelkaartdetensie geplaas word.

| ☞ **DOGTERS** | **SOMER (1 September tot 30 April)** | **WINTER (1 Mei tot 31 Augustus)** Wintersdrag stem ooreen met somersdrag ***behalwe*:** |
|---|---|---|
| **Hemp** | Wit kortmouhemp met **oopslaankraag** en wapen netjies op sak vasgestik. (Indien hemp nie 'n skoolwapen het nie, moet skooldas gedra word.) Die hemp moet nie oorgroot wees nie en te alle tye netjies ingesteek wees by die romp. 'n Skoon, netjies gestrykte hemp moet elke dag gedra word. Alle knope moet netjies vasgewerk wees. Moue mag nie opgerol wees nie. | Wit boordjiehemp met skooldas. **LET WEL:** die boonste knoop van die hemp moet vasgemaak word. |
| **Romp** | 'n Blou romp word gedra. Die romp moet nie te nou wees nie en mag **nie opgerol word nie.** Voorkom ook dat romp voor of agter opwip. In staande posisie mag die romp nie korter as 4 cm bokant die knieë hang nie. | |
| **Kouse** | Kort wit kouse - enkel omgeslaan (nie opgerol nie) | Vlootblou of navy blackmail sykouse of wit sokkies. (Géén "tights" nie!) |
| **Skoene** | Plat, swart dogterskoene met 'n bandjie oor die voet óf swart veterskoene. **Geen** uitspattige mode-verwante skoene nie. | |
| **Vormdrag** | Die dra van vormdrag is verpligtend. | |
| **Trui** | Blou (nie oorgroot nie). Truie mag nie om heupe vasgemaak word of oor skouers gedra word nie en moue mag nie opgerol word nie. | Dieselfde as somerdragomskrywing.<br><br>Slegs lapelwapentjies wat verband hou met die skool, mag gedra word. |
| **Baadjie** | Blou met skoolwapen stewig vasgestik op sak. Slegs amptelike skoolwapens mag gedra word. | |
| **Prestasie Baadjie** | Leerders verdien die voorreg om dié baadjie aan te koop indien hul vir 'n eerste span op die sportveld uitdraf. Leerders wat op kulturele vlak presteer (lys van prestasies in kultuurbeleid beskikbaar) ontvang dieselfde voorreg. | |
| **Oortrektrui** | Blou (nie oorgroot nie) met die skoolwapen daarop geborduur. | |
| **Serpe** | - | Gr. 12 (wit) en die res van die skool (blou) kan by die finansiële kantoor bestel word. |
| **Broek** | Grys dameslangbroek (met ritsluiter op die heup) mag die hele jaar deur gedra word. Hierdie langbroek is by die skoolklerewinkel beskikbaar. | |
| **Naambalkies** | Leerders ontvang aan die begin van hul Gr. 8-jaar 'n naambalkie wat elke dag gedra moet word. Indien 'n leerder die balkie verloor, moet 'n nuwe een aangekoop word teen R50,00 | |

| ☞ **SEUNS** | **SOMER**<br>**(1 September tot 30 April)** | **WINTER**<br>**(1 Mei tot 31 Augustus)**<br>Winterdrag stem ooreen met somerdrag ***behalwe*:** |
|---|---|---|
| **Hemp** | Wit kortmouhemp met **oopslaankraag** en wapen netjies op sak vasgestik. (Indien hemp nie 'n skoolwapen het nie, moet skooldas gedra word.) Die hemp moet nie oorgroot wees nie en te alle tye netjies ingesteek wees by die broek. Die dra van enige T-hemde onder die skoolhemp is verbode. Wit frokkies mag wel gedra word. Moue mag nie opgerol word nie. Hemde mag net een sak hê en geen epoulette nie. | Wit boordjiehemp met skooldas. |
| **Broek** | Grys - kort of lank. Langbroeke se broekspype mag nie nou afgewerk word nie en die soom moet sodanig wees dat dit net-net op die skoen hang. (Mag nie op die grond sleep nie!) Broeke mag nie laag oor heupe hang sodat onderklere ontbloot word nie. | |
| **Lyfbande** | Die dra van lyfbande is verpligtend. Kleur: swart. Geen sier- of ornamentele gespes word toegelaat nie! | |
| **Kouse** | Grys kouse. Indien kort, grys broek gedra word, moet lang grys kouse wat omgeslaan word daarby gedra word. Indien leerder 'n lang grys broek dra, moet hy kort grys enkelsokkies daarby dra. Geen “secret socks” mag gedra word nie. | |
| **Skoene** | Swart skoene, maar **geen** uitspattige of enige modeverwante skoene word toegelaat nie. Skoene moet met veters vasgemaak word. | |
| **Trui** | Blou (nie oorgroot nie). Truie mag nie om heupe vasgemaak word of oor skouers gedra word nie en moue mag nie opgerol word nie. | Dieselfde as somerdragomskrywing.<br><br>Slegs lapelwapentjies wat verband hou met die skool, mag gedra word. |
| **Baadjie** | Blou met skoolwapen stewig vasgestik op sak. Slegs amptelike skoolwapens mag gedra word. | |
| **Prestasie Baadjie** | Leerders verdien die voorreg om dié baadjie aan te koop indien hul vir ’n eerste span op die sportveld uitdraf. Leerders wat op kulturele vlak presteer (lys van prestasies in kultuurbeleid beskikbaar) ontvang dieselfde voorreg. | |
| **Oortrektrui** | Blou (nie oorgroot nie), met die skoolwapen daarop geborduur. | |
| **Serpe** | - | Gr. 12 (wit) en die res van die skool (blou) kan by die finansiële kantoor bestel word. |
| **Naambalkies** | Leerders ontvang aan die begin van hul Gr. 8-jaar ’n naambalkie wat elke dag gedra moet word. Indien ’n leerder die balkie verloor, moet ’n nuwe een aangekoop word teen R50,00. | |

☞ **SPORTDRAG**

Leerders wat sportbyeenkomste bywoon (tuis of weg), moet te alle tye in skooldrag of in die volledige skoolsweetpak geklee wees. Leerders moet binne 15 minute na 'n wedstryd verklee in volledige skooldrag of volledige skoolsweetpak. Alle leerders wat op die bus ry, moet hul geklee wees in skooldrag of volledige skoolsweetpak. Vir juweliersware geld dieselfde reëls as by skooldrag.

| | |
|---|---|
| **Swem** | Blou of swart swembroeke (dogters - vollyf) |
| **Rugby**<br>**Netbal**<br>**Hokkie**<br>**Sokker** | Sportdrag, soos vervat in die Sportbeleid, word by die skool aangekoop. Sodra ’n span sy gelde ten volle inbetaal het, sal die klere deur die skool bestel word. Indien ’n span ’n borg verkry, moet die borggelde by die skool inbetaal word sodat die skool die bestellings kan plaas. |
| **Tennis** | Wit/blou broek of wit/blou romp, sporthemp, wit kouse en tekkies. |
| **Krieket** | Wit/room kriekethemp of wit gholfhemp, wit seil- of krieketskoene, wit kouse, wit hoed. |
| **Amptelike Sportdrag** | Amptelike sportdrag is by die skoolklerewinkel beskikbaar. Leerders moet gedurende PHED-periodes verklee in hul LO-drag. Na afloop van die periode moet hul weer hul skooldrag aantrek. Leerders mag onder geen omstandighede die sportdrag skooltoe dra i.p.v. hul skooldrag nie. 'n Skooltrui of sweetpakbaadjie kan by die amptelike sportdrag gedra word. Leerders mag **NET** oorwegend **WIT** tekkies met wit veters óf oorwegend **SWART** tekkies met swart veters en wit sportkouse by die sportdrag dra. **GEEN** sportsandale of 'secret socks' mag gedra word nie. |
| **Skoolsweetpak** | Word as geheel (broek en baadjie) aangekoop. Leerders mag sweetpakbaadjies na behoefte gedurende die somer en winter skool toe dra. Volle sweetpak kan na sportbyeenkomste gedra word. |
| **Laerhemde** | Slegs die amptelike laerhempies mag by geleenthede gedra word soos deur die Hoof goedgekeur |

☞ **LOSLITDAE (SIVVIE-DAE)**

| | MAG ..... | MAG NIE ..... |
|---|---|---|
| **Dogters** | ♣ Enige juweliersware dra, behalwe neus-, lip- en wenkbrouringe<br>♣ Ligte grimering dra<br>♣ Hare mag los gedra word<br>♣ Naellak mag gedra word<br>♣ Rompe 6 cm bokant die knie gedra word<br>♣ Kniebroeke dra | ♣ Lae halse dra nie<br>♣ Spanbroeke dra nie<br>♣ Sjoebroekies dra nie<br>♣ Geen “spaghetti”-toppies nie<br>♣ Maag/middel mag nie ontbloot word nie<br>♣ Sonder skoene kom nie<br>♣ Pantoffels dra nie<br>♣ Kortbroeke dra nie<br>♣ Enige hoofbedekking dra nie (bv. musse/”beanies” ens.) |
| **Seuns** | ♣ Net hangertjies en armbande dra | ♣ Neus-, lip-, oor- en wenkbrouringe dra nie<br>♣ Grimering dra nie<br>♣ Broeke so laag dra dat onderklere ontbloot word nie<br>♣ Sonder skoene kom nie<br>♣ Frokkies “vests” dra nie<br>♣ Geen hoofbedekking dra nie (bv. musse/ ”beanies” ens.) |

☞ **NUWELINGE EN SKOOLDRAG**

Aangesien dit 'n eer is vir die leerders van Hoërskool Richardsbaai om hulle skooldrag te dra, word Graad 8-leerders tot na afloop van die Groentjiekonsert nie toegelaat om die skooldrag te dra nie. Nuwelinge wat deur die jaar inskryf, sal **twee weke** grasie ontvang om die nodige skooldrag aan te skaf. Indien nie, kan daar reëlings met die skoolhoof getref word.

☞ **FOUTIEWE SKOOLDRAG**

Indien 'n leerder weens omstandighede nie die korrekte drag aan het nie, moet hy onmiddellik aan die begin van die dag, **met 'n brief van sy ouers**, na sy/haar mentor óf die personeel op hekdiens, gaan vir ondertekening, andersins is hy/sy strafbaar. Leerders met 'n beseerde voet of enkel moet 'n skoolskoen aan die gesonde voet dra. Leerders mag slegs kleure of erekleure, waarvoor hulle gekwalifiseer het, op hul baadjies dra.

☞ **KLEURE**

Slegs een (1) balkie per toekenning word gedra, m.a.w. leerders dra nie twee (2) halfkleure-balkies vir atletiek, ens. nie. Balkies mag net **na** die betrokke prysuitdeling op die baadjies aangebring word.

☞ **SKOOLDRAG TYDENS EKSAMEN**

Leerders mag alleenlik amptelike skooldrag (en nie sportdrag, sweetpakke, ens.) tydens eksamentye dra.

☞ **SKOOLDRAG BUITE SKOOLPERSEEL**

Indien 'n leerder na skool sy skooldrag dra, moet dit te alle tye **volledig** en volgens alle reëls gedra word.

☞ **SKOOLDRAG BY SKOOLFUNKSIES**

Skooldrag word gedra by amptelike skoolfunksies en ander geleenthede soos bepaal deur die skool, tog word daar van alle seuns verwag om ten tye van amptelike skoolfunksies, bv. 'n prysuitdeling, langbroeke te dra.

☞ **UITSONDERINGS**

Leerders mag net **elke Vrydag** dasse, sweetpakbaadjies, (‘hoodies’ uitgesluit),baadjies van die verteenwoordigende spanne waarvoor hulle gekies is, dra.

☞ **JUWELIERSWARE**

**Dogters:** **Slegs** 'n netjiese horlosie (geen SMART-horlosies nie) & Medic-alert armband of -hangertjie.
**Slegs** klein soliede goue/silwer knoppie oorbelle (maksimum 4 mm in deursnit) in die onderste gaaitjie van die oor. Geen ander oorbelle word toegelaat nie.
Inskiet van oorbelle moet gedurende die Julie- en Desembervakansie gedoen word.

**Seuns:** **Slegs** 'n netjiese horlosie(geen SMART-horlosies nie) & Medic-alert armband of -hangertjie.

**Toestemming moet van die Hoof verkry word vir die dra van enige ander juwele m.b.t. kulturele- en religieuse oorwegings.**

☞ **NAELS EN GRIMERING**

**Dogters:** **Geen** grimering word toegelaat nie. **Geen** "lipgloss" of gekleurde "Lip ice" nie. Naels moet kort wees en mag nie oor die vingerpunte uitsteek nie. **Geen** naelpolitoer, ongeag die kleur, word toegelaat nie.

**Seuns:** Naels moet kort, skoon en netjies wees.

☞ **KONTAKLENSE**

Kontaklense met patrone op mag nie gedra word nie.

☞ **TATOEËRMERKE**

Tatoeërmerke word ten sterkste ontmoedig en mag **NIE** sigbaar wees wanneer die skooldrag gedra word nie..

☞ **HAARSTYLE**

**Dogters:**

*Hare moet altyd skoon en netjies wees.*
*Moet te alle tye aan die volgende voorskrifte voldoen:*

- ♣ Hare wat oor die kraag hang, moet vasgemaak word;
- ♣ Die kuif moet netjies, kort of vasgesteek weg uit die oë wees;
- ♣ Hare mag nie oor die wenkbroue hang nie;
- ♣ Slegs blou of wit linte in die hare;
- ♣ Slegs blou, swart of bruin rekkies of;
- ♣ Wit, swart of bruin kopbande mag gedra word;
- ♣ Die hare mag nie in trappe gesny wees nie;
- ♣ Geen slierte word toegelaat nie;
- ♣ Geen dun varkstertjies word toegelaat nie;
- ♣ Geen uitspattige haarstyle of -kleur nie;
- ♣ Geen sier- of ornamentele knippe nie;
- ♣ Geen gel nie;
- ♣ Geen "Rasta"-voorkoms nie;
- ♣ Geen paadjie mag in die hare ingeskeer word nie;
- ♣ Haarverlengings (in die natuurlike haarkleur) en wat nie aan die kraag raak nie, in netjiese ‘corn rolls’, is toelaatbaar.

**Seuns:**

*Hare moet altyd kort, skoon en netjies wees.*
*Moet te alle tye aan die volgende voorskrifte voldoen:*

- ♣ Met die kop in 'n normale sit- of staanposisie, mag die hare nie aan die hemp se kraag raak nie;
- ♣ Die hare mag nie agter in trappe gesny wees nie;
- ♣ Aan die kant mag die hare nie aan die ore raak wanneer dit afgekam word nie;
- ♣ Kuiwe moet afgekam, bokant die wenkbroue wees;
- ♣ Hare moet bo-op die kop nie langer as 5 cm wees nie;
- ♣ Hare moet so gekam word dat dit nie regop staan nie;
- ♣ Hare mag nie gekleur of gebleik word nie. Indien hierdie reël oortree word, sal van ouers verwag word om koste aan te gaan om die hare terug te kleur;
- ♣ Geen varkstertjies word toegelaat nie;
- ♣ Geen krale mag in die hare gedra word nie, geen "dreadlocks", plet of "waves" nie en paadjies mag nie ingeskeer word nie;
- ♣ Bakkebaard (“sidies”) mag nie by die middel van die oor verbysteek nie.
- ♣ Leerders moet ten alle tye skoongeskeer wees; (Leerders wat hierdie reëls verontagsaam sal gevra word om by die skool te skeer.)
- ♣ Hare aan die kant van die kop mag nie korter as ’n nr. 3-knipper geskeer word nie;
- ♣ Geen ‘man-buns’ word toegelaat nie.

***Indien daar enige twyfel/onsekerheid oor enige voorkomsreëls bestaan, berus die finale beslissing by die Hoof.***

| **OPTREDE MET BETREKKING TOT VOORKOMS:** | |
|---|---|
| Geen reaksie op inspeksie / waarskuwings | ROOIKAART |
| Enige ontoelaatbare juwele | ROOIKAART |
| Versuim om naambalkie te dra | GEELKAART |

**2. SKOOLTASSE**

2.1 Ouers of voogde moet leerders voorsien van stewig gevormde boektasse wat handboeke en skryfboeke voldoende beskerm.

2.2 Geen aanstootlike graffiti word op tasse toegelaat nie.

| **OPTREDE:** | |
|---|---|
| Aanstootlike graffiti | GEELKAART |

## 3. DAAGLIKSE ROETINE

### 3.1 VERVOER EN AANKOMS BY SKOOL.

3.1.1 Leerders word tot die skool toegelaat met die verstandhouding dat hulle met eie vervoer na en vanaf skool en tydens buitemuurse aktiwiteite vervoer sal word. Leerders moet betyds gehaal word.

**3.1.2 Leerders wat voor 07:00 die skool betree, doen dit op eie risiko.**

3.1.3 Alle leerders moet teen 07:25 op die skoolterrein wees vir skool. Laatkommers moet tesame met hul ouers by ontvangs aanmeld sodat die ouers hul kinders kan inteken.

3.1.4 Leerders wat per motor of bus voor die skool afgelaai word, moet die voetgangerhek gebruik om die skool te betree. Geen leerder word binne die skoolterrein afgelaai nie. Sodra die leerder by die skool afgelaai is, moet hy/sy in die skoolterrein in beweeg.

3.1.5 Geen leerder mag, voordat die eerste klok lui, by 'n klaskamer ingaan nie.

3.1.6 Géén leerder of voetgangers mag die skool deur die aflewerings- of personeelhek betree of verlaat nie.

| | |
|---|---|
| **OPTREDE VIR OORTREDINGS: t.o.v. laatkom** | ROOI-/GEELKAART |

### 3.2 GEDRAG T.O.V. BUSSE.

3.2.1 Reis in skooldrag.

3.2.2 Bly die hele tyd in 'n sittende posisie.

3.2.3 Arriveer **TEN MINSTE** 15 minute voordat die bus vertrek by die skool.

3.2.4 Moenie in die bus mors nie.

3.2.5 Geen voorwerpe/rommel mag by die bus se vensters uitgegooi word nie.

3.2.6 Moenie die busbestuurder pla of sy aandag aftrek nie.

3.2.7 Skoolreëls geld ook op die bus.

| | |
|---|---|
| **OPTREDE VIR OORTREDINGS: t.o.v. busgedrag** | ROOIKAART/VERHOOR |

### 3.3 SAALBYEENKOMS

3.3.1 Alle leerders is verplig om saalbyeenkoms by te woon.

3.3.2 Leerders moet hulle stigtelik gedra.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| Saalstokkiesdraai | ROOIKAART |
| Onstigtelike gedrag | ROOIKAART |

### 3.4 KLASPERIODES / ALGEMEEN

3.4.1 Huiswerkboekies (dagboeke) is **verpligtend** vir Gr. 8- en 9-leerders.

3.4.2 Leerders wat laat kom vir skool moet by die kantoor aanmeld sodat die afwesigheidslys aangepas kan word. (Verwys na 3.1.4)

3.4.3 Indien 'n leerder drie of meer agtereenvolgende dae afwesig is, moet 'n doktersbrief ingehandig word.

3.4.4 'n Telefoonoproep van die ouers in geval van siekte word waardeer, maar 'n afwesigheidsbrief word steeds verlang wanneer 'n leerder afwesig is.

3.4.5 Gedrag tydens klas moet van so 'n aard wees dat dit nie die les ontwrig of steurend inwerk op ander leerders of die leerproses nie, bv. die leen van sakrekenaars, handboeke, tekenapparaat, skryfbehoeftes, ens.

3.4.6 'n Leerder mag nie die klaskamer gedurende 'n les verlaat sonder 'n toestemmingskaartjie van die onderwyser nie.

3.4.7 Indien ’n leerder wél die klas moet verlaat, sal ’n ander leerder (deur die onderwyser aangewys), die leerder vergesel. Streng rekordhouding van sodanige leerders word ook gedoen en in die middae op die rekenaar ingevoer.

3.4.8 Leerders moet klasse bywoon soos die rooster aandui. Afwesigheid van 'n les (bv. klasstokkiesdraai) is 'n ernstige oortreding en word deur die mentor opgevolg.

3.4.9 Die gebruik van korreksievloeistowwe is verbode. Hierdie produkte word uit ons skool verban om graffiti te bekamp en om volledige antwoorde in akademiese werk aan te moedig. Tans verbied regulasies in die Nasionale Senior Sertifikaateksamen die gebruik van enige korreksievloeistowwe.

### AFWESIGHEDE

- ☞ Indien ’n leerder wat daagliks skool toe loop afwesig is, moet sy/haar ouers die skool voor 07:30 kontak in dié verband.
- ☞ Indien 'n leerder afwesig is van die skool, mag die leerder nie op dieselfde dag aan sport- of kultuuraktiwiteite deelneem nie. As 'n leerder op 'n Vrydag afwesig is, mag hy/sy nie op die Saterdag aan aktiwiteite deelneem nie.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| Klasstokkiesdraai & Skoolstokkiesdraai | ROOIKAART |
| Laat vir klas | GEELKAART |
| Selfoon, MP3’s, I-pods, draagbare luidsprekers en/of oorfone | Enige oortreding : ROOIKAART |
| Enige skade m.b.t. die skool op sosiale netwerke | DISSIPLINÊRE VERHOOR |

**MATRIEKAFSKEID**

- ☞ Die bywoning van hierdie funksie is ’n voorreg wat verbeur kan word deur na te laat om opdragte in te gee en/of swak skoolbywoning. As ’n leerder meer as 10 dae sonder inhandiging van ’n doktersbrief afwesig is van die skool, kan die voorreg verbeur word. Matriekseuns ontvang die vergunning om **TWEE WEKE** voor die Matriekafskeid hul hare te laat groei. **GEEN BAARDE NIE!** Matriekdogters kry ook **TWEE WEKE** voor die Matriekafskeid geleentheid om hul naels te laat groei.

**SELFOONBELEID**

Vir die doelwit van hierdie Gedragskode, sluit selfone, MP3’s, I-pods, draagbare luidsprekers en ander soortgelyke toestelle in.

**DOEL:**

- ☞ Ten einde 'n omgewing te skep wat bevorderlik is vir leer en onderrig word selfone by die skool ten sterkste ontmoedig – derhalwe mag **GÉÉN** foon in ’n leerder se besit wees tydens klastyd nie. Die foon moet by die periode-onderwysers ingehandig word, en die leerder sal die foon weer in ontvangs kan neem aan die einde van die periode.
- ☞ Om onreëlmatighede soos stokkiesdraai, pornografie, kontak op sosiale media (bv. Facebook, Twitter, e.a.) die aanhitsing tot gevegte, ens. met die doel om dit op te neem, die reël van onwettige bedrywighede, diefstal van selfone, ens. uit te skakel.
- ☞ Geen selfoon mag gebruik word om die skool se naam deur sosiale media skade aan te doen nie, bv. Facebook, Twitter, Whatsapp of soortgelyke sosiale media. Daar sal streng opgetree word teenoor die oortreders.
- ☞ Indien ’n leerder ten spyte van bg. wél die selfoon skooltoe bring moet die leerder en ouers kennis neem dat dit op **eie risiko** sal wees en dat die skool en leerkragte geen verantwoordelikheid hiervoor sal dra nie. Geen akademiese tyd sal verkwis word om selfoondiefstal op te volg nie. Ouers word aangeraai om ’n saak by die S.A.P.D. te open.
- ☞ Leerders mag nie gedurende die skooldag enige draagbare luidsprekers aan selfone/MP3’s/I-pods koppel ten einde die volume (klank) te verhoog nie.
- ☞ Indien ’n leerder in besit is van ’n selfoon tydens eksamens/toetse, sal sodanige leerder 0 (nul) ontvang vir die betrokke vraestel.

3.5 **POUSES/VOOR EN NA DIE AMPTELIKE SKOOLDAG**

***Verwys na “BYLAAG A OMSENDBRIEF 03/15 Afwesighede & Laatkom” agteraan bygevoeg***

3.5.1 Leerders mag nie die skoolterrein tydens pouses verlaat nie.

3.5.2 Leerders mag nie vriende van buite tydens pouses ontvang nie.

3.5.3 Ouers/voogde wat hul kinders wil spreek, moet dit deur die kantoor reël.

3.5.4 Enige aflewerings (take, sleutels, skryfbehoeftes, ens.) **sal net gedurende pouses** aan die leerders besorg word.

3.5.5 Geen besoekers word toegelaat tensy hulle by die kantoor aangemeld en 'n besoekerskaartjie ontvang het nie.

3.5.6 Klaskamers is buite perke vir leerders tydens pouses. Wanneer dit reën, mag leerders op die stoepe op die onderste vloer wees.

3.5.7 Die volgende plekke op die skoolterrein is tydens pouses en voor/na skool verbode:

- ♣ Klaskamers (behalwe in die teenwoordigheid van 'n personeellid)
- ♣ Boonste verdiepings van geboue
- ♣ Personeelparkeerarea
- ♣ Fietsloods
- ♣ Tennisbane, B-hokkieveld en rugbyvelde (behalwe B-veld tot by die halflyn)
- ♣ LO-badkamers
- ♣ Tegniese blok
- ♣ Voorportaal en saal
- ♣ Spanlesingsaal (tensy daar 'n vergadering gereël is)
- ♣ Personeelkamer en stoep
- ♣ Leerders mag net toegewysde toilette gebruik en nié ander grade se badkamers gebruik nie
- ♣ Area tussen B-veld halflyn en die faktotum se huis
- ♣ A-rugbyveld

3.5.8 Leerders mag nie in toilette en gebied rondom (binne en buite) die afleweringshekke vergader nie.

3.5.9 Leerders moet dadelik na klasse toe beweeg wanneer die klok lui aan die einde van pouse.

3.5.10 Toilette moet netjies en skoon gelaat word. Toiletpapier mag nie gemors word nie. Enige gebreke moet by Ontvangs gerapporteer word.

3.5.11 Leerders mag nie rommel strooi nie.

3.5.12 Daar word ’n spesifieke blok/area aan elke graad toegeken waar hul pouses kan eet en kuier. Inspeksie van hierdie blokke se netheid sal op ’n Donderdag deur die Hoof of sy afgevaardigde gedoen word. Indien enige graad se blok/area onnet is, sal die spesifieke graadgroep tot 14:15 op ’n Vrydag na skool moet bly om die terrein skoon te maak. Ouers sal op ’n Donderdag d.m.v. ‘n sms in kennis gestel word of hul kind/kinders na skool moet bly.

3.5.13 Indien ’n leerder ’n jaar herhaal, moet hy/sy tydens pouses in hul eie akademiese vierkant wees. ’n Vergunning word slegs vir Gr. 11-leerders gemaak wat nie geslaag het nie, om die matriekvierkant te gebruik.
3.5.14 Dienspersoneel en prefekte aan diens doen toesig tydens pouses. Meld enige probleme by hulle aan.
3.5.15 Geen balspeletjies word in die gebou toegelaat nie. Leerders wat wil bal skop, rugby of sokker ens. speel, mag **alleenlik** op die B-veld tot en met die halflyn, vir hierdie doel gebruik.
3.5.16 Wanneer leerders voor die skool wag vir vervoer, geld alle skoolreëls wat betrekking het op kleredrag, gedrag en optrede.
3.5.17 Geen leerder mag torring aan veiligheidshekke nie.
3.5.18 Die skoolterrein is buite perke na 14:30 tensy 'n leerder besig is met georganiseerde buitemuurse aktiwiteite onder toesig van 'n opvoeder/afrigter.
3.5.19 Die gooi van water, eiers, klippe, ens. is ontoelaatbaar.
3.5.20 Gevaarlike speletjies is ontoelaatbaar.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| Buite skoolterrein gedurende skooltyd sonder toestemming | ROOIKAART |
| Verbode terrein | GEELKAART |
| Alle ander oortredings | ROOIKAART |

3.6 **TOETSE EN EKSAMENS**

***Verwys na “BYLAAG B KZN CIRCULAR NO. 143 OF 2008” agteraan bygevoeg***

3.6.1 Toetse en eksamens sal nie vroeër of later as op die vasgestelde datums afgelê word nie. Enige **UITSONDERLIKE** / spesiale versoeke moet **DIREK SKRIFTELIK** aan die Hoof gerig word.
3.6.2 Vir formele toetse word leerders 'n week kennis gegee.
3.6.3 Informele toetse kan sonder waarskuwing geskied.
3.6.4 Laatkommers by toetse en eksamens sal nie ekstra tyd gegun word vir aflegging van sodanige toetse nie.
3.6.5 'n Maksimum van twee formele toetse per dag mag afgelê word.
3.6.6 Tydens eksamen mag die leerders net gebruik maak van deurskynende pennesakkies.
3.6.7 'n Leerder kry 0% vir die vraestel in geval van oneerlikheid en/of wangedrag tydens toetse en/of eksamen.
3.6.8 Afwesigheid van toetse en/of eksamen vereis 'n geldige dokters-, kliniek- of aptekersbrief. 'n Afskrif sal van bogenoemde briewe gemaak word wat dan deur die **leerder** aan die betrokke vakonderwysers/esse getoon moet word indien die leerder se afwesigheid veroorsaak het dat hy/sy nie 'n toets, 'n mondeling of enige ander werk wat bepunt moet word, kon aflê nie. Indien 'n leerder versuim om bogenoemde briewe voor die vasgestelde datum (drie dae na die toets/eksamen) in te handig, sal die leerder 0% vir die toets/eksamen/mondeling kry.
3.6.9 Amptelike geskeduleerde toetse: leerders **MOET** op dieselfde dag skryf as die geskeduleerde datum. Leerders ontvang **NUL** indien hul geen doktersbriewe inhandig nie.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| Minagting van eksamenprosedure | ROOIKAART EN/OF INTERNE- OF DIREKTE VERHOOR |

## 4. GEBOUE EN TERREINE

Geen vorm van vandalisme of saakbeskadiging word toegelaat nie.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | ROOIKAART & SKADEVERGOEDING/MOONTLIKE VERHOOR |
|---|---|

☞ **BRANDBESTRYDINGSTOERUSTING:**

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** |
|---|
| Spuit van brandslange of -blussers behalwe in 'n noodsituasie |
| Breek van seëls op brandblussers |
| Beskadiging van kragbokse |
| Beskadiging of verwydering van rigtingwysers vir toerusting of ontsnaproetes |
| ROOIKAART & SKADEVERGOEDING/MOONTLIKE VERHOOR |

## 5. REËLS VIR SPESIALE SENTRUM EN APPARAAT

Elke opvoeder het sy eie reëls waarvolgens hy/sy teen die oortreders sal optree. Dit is elke leerder wat gebruik maak van die sentrum en apparaat se plig om hom/haar te vergewis van die betrokke reëls.
Alle leerders wat Wiskunde en / of Wetenskap as vak neem, moet in besit van 'n sakrekenaar wees en dit **ELKE DAG** skool toe bring.

## 6. ALGEMENE REËLS

6.1 **AFWESIGHEID**

6.1.1 Afwesigheids- en doktersbriewe moet by Ontvangs ingehandig word. 'n Afskrif word gemaak wat dan deur die leerder aan die vakonderwysers getoon moet word.
6.1.2 Besoeke aan plaaslike algemene praktisyns en tandartse **MOET ASSEBLIEF SO VER AS MOONTLIK VIR NA SKOOL GEREËL WORD.**
6.1.3 Leerders wat vroeg die skool verlaat, moet by die sekretaresse rapporteer voor hul die skool verlaat, nadat hulle toestemming by die skoolhoof of adjunkhoof verkry het.

6.1.4 Leerders wat die terrein gedurende skooltyd verlaat, sal 'n vorm ontvang wat na die onderwysers, wie se klasse gemis gaan word, geneem moet word. Die onderwysers sal die vorm teken om kennis te neem van die afwesigheid en indien van toepassing, aanteken as toetse geskryf moes word, werk wat behandel word, huiswerk, ens., sodat die ouer hiervan kan kennis neem.

6.1.5 Weens die veiligheid van die leerder, moet die leerder in die voorportaal persoonlik deur die ouer afgehaal en uitgeteken word. Indien nie, moet 'n skriftelike bewys van die ouer aan die persoon gegee word wat die leerder by die skool kom haal. Dié brief sal dien as bewys dat sodanige reëling die ouer se goedkeuring wegdra.

6.1.6 Stokkiesdraai, hetsy per periode of die hele dag, sal lei tot rooikaarte.

6.2 **SIEKTE**

6.2.1 Leerders wat siek word by die skool, moet by die sekretaresse rapporteer.

6.2.2 Siek leerders sal nie toegelaat word om huis toe te gaan indien daar geen toesig by die huis is nie. Leerders wat siek is, moet eerder by die huis bly as om skool toe te kom. Ander leerders en opvoeders moet nie onnodig blootgestel word nie.

6.2.3 Leerders wat in die siekekamer is, sal nie toegelaat word om leerders as besoekers te ontvang of om die siekekamer te verlaat voor of gedurende 'n pouse nie.

6.2.4 Volgens wet mag geen leerder met aansteeklike siekte die skool bywoon nie, bv. masels, waterpokkies, kopluise, pienk oë, ens. Die leerder mag eers weer skool bywoon as 'n mediese sertifikaat hom/haar gesond verklaar. Ons sal dit waardeer indien u die kantoor telefonies in kennis sal stel indien u kind 'n aansteeklike siekte opgedoen het.

6.3 **ALGEMENE HOFLIKHEID**

6.3.1 Leerders groet alle volwassenes staande (opvoeders en besoekers).

6.3.2 Seuns praat nie met volwassenes / dogters terwyl hulle hande in hulle sakke is nie.

6.3.3 Leerders verneem of hulle vreemde volwassenes behulpsaam kan wees.

6.3.4 Seuns laat dogters eerste by die klas in- en uitstap.

6.3.5 Leerders staan op indien personeel 'n klas betree.

6.3.6 Leerders sal hulself persoonlik en betyds met 'n geldige rede verskoon van 'n oefening/wedstryd.

6.3.7 Traak-my-nie-agtigheid, onbeskoftheid en ongehoorsaamheid teenoor enige opvoeder, volwassene, prefek of VLR-lid sal nie geduld word nie.

6.4 **PARKERING**

6.4.1 Motorfietse en fietse word in die fietsloods parkeer. Fietse moet slotte hê.

6.4.2 Leerders wat met motorfietse skool toe kom en op die skoolterrein wil parkeer, **MOET 'n geldige lisensie hê** en moet vooraf aansoek doen vir parkering op skoolterrein. Indien die reëls oortree word, sal parkering geweier word. Leerders moet onthou dat hierdie vergunning 'n voorreg is en nie 'n reg nie. Alle motors word **BUITE** die skoolterrein geparkeer. Leerders mag nie gedurende pouses tyd in hul motors verwyl nie. Hierdie oortreding is strafbaar met 'n **ROOIKAART (Verbode terrein).**

6.4.3 Hoërskool Richardsbaai, die Beheerliggaam en die personeel kan nie verantwoordelik gehou word vir enige skade of verlies aan motors, motorfietse of fietse nie.

6.5 **ALGEMENE GEDRAG**

6.5.1 Die personeelkamer, afrolkamer en personeelkombuis is buite perke vir leerders.

6.5.2 Geen besoekers word toegelaat tensy hulle by die kantoor aangemeld het en 'n besoekerskaartjie ontvang het nie.

6.5.3 Ontmoetings oor die heining word nie toegelaat nie.

6.5.4 Daar mag geen fisiese intieme kontak tussen seuns en dogters wees nie. Dit sluit in hande vashou, omhelsing, hand om die lyf, soen of betasting, ens. (Dié reël geld ook vir lede van dieselfde geslag).

| | | |
|---|---|---|
| 6.5.5 | Aanhoudend steurende/wangedrag | ROOIKAART |

6.6 **DEURSOEKING**

6.6.1 Geen wapens, gesteelde eiendom, dwelms, sigarette, sigaretaanstekers, vuurwapen of pornografiese materiaal word op die skoolperseel toegelaat nie.

6.6.2 In terme van die Wet op Beheer van toegang tot openbare persele en voertuie Wet 53 van 1985, asook die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, kan enige persoon wat die skoolperseel betree, onderwerp word aan deursoeking van hul eiendom en/of hul persoon.

6.6.3 Die skool reserveer die reg om enige ongewenste items wat insluit dwelms, alkohol, wapens, sigarette, vuurhoutjies, aanstekers en lasers wat by 'n leerder gevind word, te konfiskeer.

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| Alle oortredings ten opsigte van afwesigheid en siekte | MENTOR |
| Traak-my-nie-agtigheid, onbeskoftheid, ongehoorsaamheid, minagting van gesag | ROOIKAART |
| Parkering | TOEGANG WORD DEUR HOOF GEWEIER |
| Oortredings ten opsigte van algemene hoflikheid, parkering en algemene gedrag | ROOIKAART |

## 7. ERNSTIGE OORTREDINGS

Van hierdie oortredings is strafbaar deur die reg en kan aan die polisie gerapporteer word vir verdere vervolging.

### 7.1 ALGEMEEN

| | |
|---|---|
| Steurende of ontwrigtende gedrag | GEEL- OF ROOIKAART |
| Disrespek teenoor onderwysers, prefekte of VLR | ROOIKAART / VERHOOR |
| Spoeg / 'Leeching' | ROOIKAART |

### 7.2 SKADEBEROKKENING

| | |
|---|---|
| Skade aan eiendom van leerders | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |
| Skade aan eiendom van die skool | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |

### 7.3 VANDALISME

| | |
|---|---|
| Graffiti op skooleiendom | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |
| Skade aan skooleiendom | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |
| Misbruik maak van brandbestrydingsapparaat | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |
| Skade aan privaateiendom | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |
| Brandstigting / Medepligtige tot brandstigting | ROOIKAART & KOSTE & MOONTLIKE VERHOOR |

### 7.4 ROOK

***Rook word deur die Staat as 'n gesondheidsrisiko beskou en daar moet dus deur die skool dienooreenkomstig opgetree word.***

Besit van sigarette, tabak, vuurhoutjies, aanstekers, elektroniese sigarette (“vapes”).
Rook in skooluniform of op toere, uitstappies, ens.

| | |
|---|---|
| In teenwoordigheid van rokers | ROOIKAART |
| Handeldryf in sigarette | VERHOOR |

Die skool reserveer die reg om enige tabak, sigarette, vuurhoutjies en aanstekers wat by 'n leerder gevind word, te konfiskeer.

**OPTREDE VIR OORTREDINGS:**

| | |
|---|---|
| Rook | ROOIKAART |
| Rook (herhaaldelike oortredings) | DISSIPLINÊRE VERHOOR |

### 7.5 AGGRESSIE

| | |
|---|---|
| Betrokke by 'n geveg | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |

Indien oortreder skuldig bevind is dat hy/sy eerste geslaan het sonder provokasie, beledigend opgetree het, daar buite perke oorreageer word, of herhaaldelik betrokke is by bakleiery
VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL

| | |
|---|---|
| Aggressor in 'n geveg | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Aanhitsing | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Vuiltaal | ROOIKAART |
| Afknouery (boelies) | VERHOOR |
| Aanranding | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Intimidasie | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Rassisme | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Skyn van laserlig in enige leerder of personeellid se oë | VERHOOR |

### 7.6 ALKOHOL

| | |
|---|---|
| Besit/gebruik van alkohol op skoolterrein | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Besit/gebruik van alkohol in skooldrag | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Besit/gebruik van alkohol tydens skooluitstappie | VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |

Onder die invloed van alkohol in skooldrag, op skoolperseel of tydens skooluitstappie
VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL

**Die skool reserveer die reg om enige alkohol wat by 'n leerder gevind word te konfiskeer.**

### 7.7 BEDROG

| | | |
|---|---|---|
| **Leuens: bv.** | Handtekening vervals | MOONTLIKE VERHOOR/ROOIKAART |
| | Vervalste briewe | MOONTLIKE VERHOOR/ROOIKAART |
| | Oneerlikheid in 'n mondelinge verklaring | MOONTLIKE VERHOOR/ROOIKAART |
| | Oneerlikheid in 'n geskrewe verklaring | MOONTLIKE VERHOOR/ROOIKAART |

| | |
|---|---|
| Vals alarm - bom, ens. | SAPD/VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL |
| Oneerlikheid tydens toetse en/of eksamen | KRY 0 (NUL) PUNTE ,VERWYS NA MENTOR |

RAPPORTEER VIR REKORDDOELEINDES & OUERS WORD IN KENNIS GESTEL

7.8 **DIEFSTAL**

Diefstal — VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL

In besit van gesteelde eiendom — VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL

7.9 **HANDELDRYF**

*Verkoop/koop van enige toets- of eksamenvraestel of – materiaal
VERHOOR DEUR ONGEMAGTIGHEIDSKOMITEE & SKOOL SE TUGKOMITEE

*Verkoop/koop van enige produk/item is streng teen die skoolreëls
KONFISKERING VAN GOEDERE/ROOIKAART/VERHOOR

*Verkoop/koop van enige goedere by die heining/hek is verbode
KONFISKERING VAN GOEDERE/KOOIKAART/VERHOOR

7.10 **DWELMS**

Dagga is die intree dwelm wat gewoonlik na meer ernstige dwelms lei. Al het die Regering die gebruik en kweek van dagga vir tuis gebruik vir persone ouer as 18 goedgekeur, behou die skool die reg om 'n leerder te laat toets indien daar 'n aanduiding is dat die leerder verdag/onder die invloed optree.

*Leerders wat tydens sport positief getoets word vir ontoelaatbare stimulante, opkikkers, ens:
*ALLE SPORTTOEKENNINGS WORD TERUGGETREK & GEEN DEELNAME AAN SPORT VIR 'N TYDPERK SOOS BEPAAL DEUR DIE BETROKKE SPORTORGANISASIE NIE*

*Besit/snuif van vlugtige stowwe — VERHOOR/WAARSKYNLIKE UITSETTING UIT SKOOL

*Besit/gebruik/versprei/koop/verkoop van dwelms
VERHOOR/ WAARSKYNLIKE UITSETTING UIT SKOOL

*Onder die invloed van dwelms in skooldrag op skoolterrein of tydens skooluitstappie
VERHOOR/WAARSKYNLIKE UITSETTING UIT SKOOL

*Positief getoets vir dwelms (bedwelmende middels)
SUSPENDASIE/VERHOOR/WAARSKYNLIKE UITSETTING UIT SKOOL

*Besit/gebruik/versprei/koop/verkoop van verbode middels
VERHOOR/WAARSKYNLIKE UITSETTING UIT SKOOL

7.11 **WAPENS**

*Besit en/of gebruik van vuurwerke, lasers, messe, vuurwapens, plofstowwe en / of ander gevaarlike wapens.

***Die skool reserveer die reg om enige wapens wat by 'n leerder gevind word te konfiskeer.***
****VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL***

7.12 **SEKSUELE WANGEDRAG**

*In besit van kondome
*Slaan of vat aan privaatdele
*Besit, teken of skryf van pornografie
*Verkragting
*Teistering
*Suggestiewe gedrag/bewegings
*Onwelvoeglike gedrag van seksuele aard
*Fabrisering van pornografie
*Fabrisering van enige materiaal van seksuele aard
*Fabrisering van onwelvoeglike materiaal

**OPTREDE VIR OORTREDINGS:**

Seksuele wangedrag — ROOIKAART EN/OF DISSIPLINÊRE VERHOOR

Ernstige seksuele wangedrag — DISSIPLINÊRE VERHOOR

Enige ernstige seksuele wangedrag sal aan die S.A.P.D. gerapporteer word vir verdere optrede

7.13 **RASSISME**

Geen vorm van rassisme sal hoegenaamd geduld of toegelaat word nie.
****VERHOOR/MOONTLIKE UITSETTING UIT SKOOL***

7.14 **ALGEMEEN**

Enige onkostes wat deur die skool aangegaan moet word as gevolg van leerders se oortredings, mag van die ouers verhaal word.

**8. DETENSIE**

Leerders kan óf gestraf word met algemene detensie óf personeeldetensie. Straf tydens detensie kan óf uitskryfwerk óf gemeenskapsdiens behels.

Rooikaartdetensie : Vrydae 13:30 - 16:00
Geelkaartdetensie : 4 pouses deur prefekte waargeneem
Personeeldetensie : Maandae - Donderdae 14:15 - 15:00\
(Geen verskoning vir sport- of kultuuroefening sal hier geld nie).

| **OPTREDE VIR OORTREDINGS:** | |
|---|---|
| *Versuim om personeeldetensie by te woon | ROOIKAART |
| *Indien 'n leerder versuim om dokters- of aptekersbrief in te handig vir sy/haar afwesigheid/gedeeltelike afwesigheid van die dag waarop hy/sy rooikaartdetensie moet sit | ROOIKAART |

**LET WEL:**

- Vir rooikaart- en personeeldetensie sal leerders ten minste 24 uur voor die tyd gewaarsku word en sal die ouers 'n sms ontvang.
- 'n Gebrek aan vervoer word nie as verskoning vir afwesigheid vanaf detensie aanvaar nie. Detensie is **VERPLIGTEND** en Ouers is verantwoordelik vir vervoer.
- Indien 'n leerder nie opdaag vir rooikaartdetensie op die Vrydag nie, mag sodanige leerder nie die Saterdag (ná die Vrydag) aan skoolsport deelneem nie.

**GEMEENSKAPSDIENS**

Die leerkrag in beheer van detensie sal bepaal wat die teikenarea vir skoonmaak en/of opknapping sal wees. Voorbeelde hiervan is:

- Voorbereiding van sportgronde
- Skottelgoedwas
- Skoonmaak van skryfborde
- Politoer van trofeë
- Afskrop van graffiti vanaf mure en deure
- Was van vensters
- Vee van klaskamers en/of stoepe
- Afskuur van banke
- Skoonmaak van blombeddings
- Rommel optel
- Blare hark
- Afstof van stoele, vensterbanke en kaste

**9. TOEPASSING**

| | |
|---|---|
| 1 Geelkaart | 4 pousedetensies deur prefekte waargeneem |
| 3 of meer Geelkaarte | Word 'n Rooikaart |
| Nie opdaag vir pousedetensie nie | Word 'n Rooikaart |
| Sonder verskoning nie hul Rooikaartdetensie bywoon nie | Addisionele Rooikaart én detensie word oorgedra na volgende week |
| 1 Rooikaart | Detensie Vrydag 13:15 - 16:00. Dit is 'n eenmalige sessie |
| Maksimum van 3 Rooikaarte | Verhoor / Mediasie |
| Steurende-/Wangedrag, Enige reëls t.o.v. klaskamer-bestuur, handboeke tuis / huiswerk nie gedoen nie, ens. | Personeeldetensie |
| Minagting van gesag | Rooikaart |

**LET WEL:**

- ***Die optrede en strawwe hierbo geld as algemene riglyn. In gepaste gevalle en binne die diskresie van die Mentor/Skoolhoof, mag daarvan afgewyk word.***
- ***Enige ernstige oortredings wat nie in die gedragskode vermeld/gelys word nie, óf wat die naam van die skool skade berokken, kan binne die diskresie van die skoolhoof na 'n verhoor lei.***
- ***Hierdie Gedragskode bly geldig tot tyd en wyl 'n nuwe uitgawe van hierdie dokument verskyn.***

_____ _____

**HJP MULLER** **J OELOFSE**
**SKOOLHOOF** **VOORSITTER DISSIPLINÊRE KOMITTEE: SBL**

**Hersien: 13 Februarie 2020 vir 2020/RL**

**BYLAAG A**


HOËRSKOOL RICHARDSBAAI

Privaatsak 1007, Richardsbaai, 3900
035 789 3201 / 789 3742
035 789 1221
hsrb@mweb.co.za
www.hsrb.org.za

RICHARDS BAY HIGH SCHOOL

Private Bag 1007, Richards Bay, 3900
035 789 3201 / 789 3742
035 789 1221
hsrb@mweb.co.za
www.hsrb.org.za


**Omsendbrief 03/2015**

24 Maart 2015

Geagte Ouers

**LEERDER-AFWESIGHEDE & LAATKOMMERY**

Die bestuur van die skool het ’n opname gemaak van leerders se afwesighede gedurende die eerste kwartaal. Dit is kommerwekkend om waar te neem dat daar ’n tendens ontstaan het dat leerders deur hulle ouers toegelaat word om vir geen spesifieke rede weg te bly van die skool af.

Hierdie is ’n absolute onaanvaarbare praktyk aangesien dit die ouers se plig en verantwoordelikheid is om toe te sien dat hulle kinders volgens die Skolewet (sien aanhaling hieronder) skool moet bywoon.

BEGIN AANHALING

**3 Verpligte bywoning**

(1) Behoudens hierdie Wet en enige toepaslike provinsiale wet moet elke ouer elke leerder vir wie hy of sy verantwoordelik is 'n skool laat bywoon vanaf die eerste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van sewe jaar bereik tot op die laaste skooldag van die jaar waarin sodanige leerder die ouderdom van vyftien jaar of die negende graad bereik, watter een ook al eerste plaasvind.

(2) Die Minister bepaal by kennisgewing in die *Staatskoerant* die ouderdomme vir verpligte bywoning by skole vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes.

(3) Elke Lid van die Uitvoerende Raad moet verseker dat daar voldoende plek in skole is sodat elke kind wat in sy of haar provinsie woonagtig is, kan skoolgaan soos deur subartikels (1) en (2) vereis word.

(4) Indien 'n Lid van die Uitvoerende Raad nie aan subartikel (3) kan voldoen nie as gevolg van 'n gebrek aan ruimte wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan, moet hy of sy stappe doen om enige sodanige gebrek aan ruimte so gou as moontlik reg te stel, en moet hy of sy jaarliks aan die Minister verslag doen in verband met die vordering wat met hierdie optrede gemaak is.

(5) Indien 'n leerder wat ingevolge subartikel (1) onderworpe is aan verpligte bywoning, nie ingeskryf is by 'n skool nie of versuim om dit by te woon, kan die Departementshoof-

*(a)* die omstandighede van die leerder se afwesigheid van die skool ondersoek;

*(b)* toepaslike stappe doen om die aangeleentheid reg te stel; en

(c) by gebrek aan sodanige regstelling, 'n skriftelike kennisgewing aan die ouer van die leerder rig om nakoming van subartikel (1) te eis.

(6) Behoudens hierdie Wet en enige ander toepaslike wet-

*(a)* is enige ouer wat, sonder afdoende rede en nà 'n skriftelike kennisgewing van die Departementshoof, in gebreke bly om uitvoering te gee aan subartikel (1), skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of aan gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande te bowe gaan nie; of

*(b)* enige ander persoon wat, sonder afdoende rede, 'n leerder wat aan verpligte bywoning onderhewig is, daarvan weerhou om 'n skool by te woon, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding onderhewig aan 'n boete of aan gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande te bowe gaan nie.

**4 Vrystelling van verpligte bywoning**

(1) 'n Departementshoof kan 'n leerder heeltemal, gedeeltelik of voorwaardelik van verpligte skoolbywoning vrystel indien dit in die beste belang van die leerder is.

(2) Elke Departementshoof moet 'n register hou van alle leerders wat van verpligte skoolbywoning vrygestel is.

EINDIG AANHALING

Ouers bewys nie hul kinders ’n guns deur hul onnodiglik uit die skool te hou nie, maar leer hulle om onverantwoordelik en sonder enige pligsbesef op te tree.

Aangesien dit vir die leerders van kardinale belang is om die skool by te woon in belang van hulle eie vordering, hetsy akademies, kultuur of sportgewys, sal die skool beslis nie toelaat dat hierdie praktyk voortduur nie.

Indien ’n leerder sonder ’n geldige verskoning van die skool af wegbly sal so ’n leerder vir ’n periode van 5 skooldae gesuspendeer word waartydens hy/sy ouers kan besluit of dit vir hulle belangrik genoeg is dat hulle kinders die skool bywoon of nie. ’n Gr 12-leerder wat teveel dae afwesig is sonder dokters sertifikate, loop ’n risiko om vir die Gr 12-eindeksamen gederegistreer te word.

Indien ’n leerder oor ’n lang tydperk afwesig moet wees, vra ons ouers om die skool onmiddellik in kennis te stel sodat daar reëlings vir die leerder se akademie getref kan word.

Leerders met geldige verskonings en wie se ouers die skool kontak en reëlings tref vir hulle kinders se afwesighede, sal geensins gepenaliseer word nie.

Die skool:

- ondervind ook ’n probleem met leerders wat sonder of met hulle ouers se medewete laat kom;
- onderneem om hierdie laatkommer se ouers onmiddellik te verwittig van die toedrag van sake;
- sal ook vanaf die begin van die 2de kwartaal, 13 April 2015, die skool se hekke om 07:30 sluit.

Ouers, wat hul kinders na 07:30 aflaai, word versoek om hul kinders persoonlik by ontvangs in te teken sodat rekordhouding korrek kan plaasvind.

Dit is die skool en die beheerliggaam se voorneme om die skool te verander in ’n instansie waarop u as ouers, leerders en onderwysers trots kan wees. Hierdie maatreëls is ’n poging om die dissipline van die skool te bevorder en ons vertrou dat ons hiermee die volle samewerking van u as ouers sal geniet.

Erken asseblief ontvangs van hierdie skrywe deur die aangehegte antwoordstrokie te voltooi en teen Dinsdag, 31 Maart 2015 aan die Registeronderwyser terug te besorg.

Die skool wil graag sy dank uitspreek teenoor die ouers wat verbind is tot die skool asook die welsyn van hul kinders.

Vriendelike groete

**J H PUTTER**
**WNDE SKOOLHOOF**

**ME L MONTGOMERY**
**VOORSITTER: SKOOL BEHEERLIGGAAM**

Brief goedgekeur en geteken:

**HJP MULLER**
**SKOOLHOOF**

Desember 2015

**BYLAAG B**

## *OMSENDBRIEF VAN DIE DEPARTEMENT*

PROVINCE OF KWAZULU-NATAL
ISIFUNDAZWE SAKWAZULU-NATALI
PROVINSIE KWAZULU-NATAL

DEPARTMENT OF EDUCATION
UMNYANGO WEMFUNDO
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Telephone : 033 3921807
Fax 033 3921226
Private Bag X9137
Pietermaritzburg
3200

247 Burger Street
Pietermaritzburg, 3201

INHLOKOHHOVISI HEAD OFFICE PIETERMARITZBURG

Enquiries: D. Singh
Imibuzo:
Navrae:

Reference:
Inkomba:
Verwysing

Date: 18 November 2008
Usuku:
Datum

TO: SENIOR GENERAL MANAGERS
GENERAL MANAGERS
MANAGERS
DISTRICT MANAGERS
PRINCIPALS
CHAIRPERSONS OF SCHOOL GOVERNING BODIES

KZN CIRCULAR NO. 143 OF 2008

POLICY ON LEARNER ATTENDANCE AT PUBLIC ORDINARY SCHOOLS

Management of learner attendance at public ordinary schools is critical for the achievement of learning and educational outcomes.

Attached is the policy on learner attendance at public ordinary schools as well as a guideline which schools may utilise to develop their own learner attendance policy.

It is imperative that all public ordinary schools adhere strictly to the policy on learner attendance which comes into effect on 1 January 2009.

The contents of this circular must be brought to the attention of all educators.

R. Cassius Lubisi, PhD.
Superintendent-General
3/12/2008

## *UITTREKSEL VAN "KZN DEPARTMENT OF EDUCATION POLICY ON LEARNER ATTENDANCE AND LEARNER ABSENTEEISM" (verwys in die omsendbrief)*

**9.14. Study leave**

Under no circumstances must learners be encouraged either overtly or covertly to take leave for the purpose of studying during tests or examinations unless such leave is authorized by the Head of Department. Parents who request leave for the children must be reminded of their obligation of sending their children to school for the full duration of the academic year.

Learners must attend school everyday of the year without exception even during days when examinations are not written except in the instance of Grade 12 learners in a school writing end of year examinations.

***Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie reëls ook tydens die Gr. 12-proefeksamen van toepassing is.***

**BYLAAG C**

HOËRSKOOL RICHARDSBAAI

# *SKOOLKLOKTYE*

| Maandae tot Donderdae | |
|---|---|
| **Reg** | **07:30 – 07:45** |
| P1 | 07:45 – 08:45 |
| P2 | 08:45 – 09:45 |
| ***Pouse*** | ***09:45 – 10:10*** |
| P3 | 10:10 – 11:10 |
| P4 | 11:10 – 12:10 |
| ***Pouse*** | ***12:10 – 12:30*** |
| P5 | 12:30 – 13:30 |
| P6 | 13:30 – 14:30 |

| Vrydae | |
|---|---|
| **Reg** | **07:30 - 07:45** |
| P1 | 07:45 - 08:40 |
| P2 | 08:40 - 09:30 |
| P3 | 09:30 - 10:20 |
| ***Pouse*** | ***10:20 - 10:45*** |
| P4 | 10:45 - 11:35 |
| P5 | 11:35 - 12:25 |
| P6 | 12:25 - 13:15 |
| ****Gr12 Akademie*** | ***13:30 – 14:30*** |

****Gr12 Lyn 5 soos deur opvoeder gereël***

**Aktiwiteitsdag *(saal, geesbou, ens)***

| 1 | |
|---|---|
| **Reg** | **07:30 - 07:45** |
| P1 | 07:45 - 08:40 |
| P2 | 08:40 - 09:35 |
| ***Aktiwiteit*** | ***09:35 - 10:10*** |
| ***Pouse*** | ***10:10 - 10:35*** |
| P3 | 10:35 - 11:30 |
| P4 | 11:30 - 12:25 |
| ***Pouse*** | ***12:25 - 12:45*** |
| P5 | 12:45 - 13:40 |
| P6 | 13:40 - 14:30 |

| 2 | |
|---|---|
| **Reg** | **07:30 - 07:45** |
| P1 | 07:45 - 08:40 |
| P2 | 08:40 - 09:35 |
| ***Pouse*** | ***09:35 - 10:00*** |
| P3 | 10:00 - 10:55 |
| P4 | 10:55 - 11:50 |
| ***Pouse*** | ***11:50 - 12:10*** |
| P5 | 12:10 - 13:05 |
| P6 | 13:05 - 13:55 |
| ***Aktiwiteit*** | 13:55 - 14:30 |